



INTERNASIONALE MARKTE - STEWIGE LOPIE VIR AMERIKAANSE MARKTE

Amerikaanse markte het die beste maand sedert April beleef en 'n buitengewone lopie voortgesit, wat aangedryf is deur aansporingspakette, tekens van ekonomiese herstel en vordering met die ontwikkeling van 'n COVID-19 entstof.

Al drie die vernaamste Amerikaanse indekse het vir die vyfde agtereenvolgende maand stygings aangeteken ná die skoksyfers van Februarie en Maart, wat die langste bulmark op rekord tot 'n einde gebring het. Die S&P 500 het in die tydperk met 'n stewige 35% gestyg, die hoogste persentasiestyging vir dié indeks sedert 1938.

Die Amerikaanse markte se vertonings is aangeteken ondanks kommer dat 'n tweede golf van COVID-19 gevalle in die Amerikaanse herfs en winter verwag kan word.

Die S&P 500 het Augustus 7% hoër as in Julie gesluit en staan jaar tot datum op +8.3%, hoewel die indeks op die laaste dag van Augustus effens stoom verloor het. Die S&P 500 is nou 60% hoër as die laagtepunt van 23 Maart. Die Dow Jones het die maand op +7.6% afgesluit maar is jaar tot datum steeds laer op -0.4%. Die Nasdaq, bekend vir die baie tegnologie-aandele wat by dié indeks ingesluit is, het maand op maand met 9.6% gestyg, die beste maandelikse vertoning sedert 2000 (toe dit met 11.66% gestyg het).

Die dollar was steeds onder druk en het op laagtepunte vir die afgelope twee jaar verhandel. Die Amerikaanse Federale Reserweraad (Fed) het by 'n onlangse vergadering gesê daar word oorweeg om na 'n beleid van inflasie-teikens as deel van monetêre beleid oor te skakel. Dit impliseer dat die Fed laer rentekoerse vir 'n langer tydperk as deel van sy beleid sal behou, selfs as werkloosheid begin afneem.

COVID-19 SYFERS STYG WEER IN EUROPA

Berigte in Europa is in Augustus oorheers deur nuus dat die aantal COVID-19 gevalle in verskeie lande opnuut besig is om te styg. In lande soos Frankryk en Spanje is stygings op dieselfde vlakke as tydens die hoogtepunt van die krisis in Maart en April. In reaksie het regerings bepaalde maatreels aangekondig, byvoorbeeld reisbe-perkings en die vereiste dat maskers gedra word, in stede van nuwe inperkingsregulasies. Syfers van individue se aktiwiteit toon dat baie lande nie merkwaardig deur die nuwe reëls geraak is nie maar daar is wel tekens dat sakevertroue beïnvloed is.

Die VK mark het goed vertoon en die FTSE 100 Indeks het maand op maand 1.1% hoër gesluit (-20.9% jaar tot datum). Elders in Europa het markte ook beter gevaar en die Duitse DAX het die maand op +5.1% afgesuit (-2.3% jaar tot datum) en die CAC in Frankryk het maand op maand met 3.4% gestyg (-17.2% jaar tot datum).

In Asië het die daaglikse syfers vir nuwe COVID-19 gevalle in Indië, Indonesië, die Filippyne en Suid-Korea toegeneem maar in die meeste ander lande gedaal. In Latyns-Amerika bly die aantal gevalle hoog hoewel die tempo van stygings besig is om te verlangsaam in Brasilië, Chili en Meksiko.

Die Nikkei het die maand 6.6% hoër gesluit maar is jaar tot datum steeds 2.2% laer. Die Shanghai Saamgestelde Indeks van China het die maand 2.6% hoër afgesluit (+11.3% jaar tot datum). In Hong Kong het die Hang Seng met 2.4% gestyg teenoor Julie (-10.7% jaar tot datum). Ekonomiese aktiwiteit in China is beter en bepaalde sektore het die beste sedert 2018 gevaar.

PLAASLIKE MARKTE

- NEGATIEWE SENTIMENT DANKSY POLITIEK

Voortslepende onmin in die regerende party het beleggers omgekrap en die plaaslike mark onder druk geplaas, veral teen die einde van Augustus. Binnegevegte en gerugte dat 'n kabinetskommeling onderweg is voor 'n vergadering van die ANC se uitvoerende komitee het tot die onsekerheid bygedra en gevolglik het die JSE Indeks van Alle Aandele die maand 0.4% laer afgesluit (-2.8% jaar tot datum).

Die aandeelpryse van verskeie groot maatskappye het laer gesluit. Dit sluit in Naspers (-1.7% maand op maand), British American Tobacco (-0.8% maand op maand), Anglo Gold Ashanti (-3.3% maand op maand) en Gold Fields (-1.6% maand op maand). Die Indi-25 en Resi-10 het met geringe stygings hoër gesluit op onderskeidelik +0.3% en 0.1% maand op maand. Die Fini-15 het weereens 'n moeilike maand beleef danksy dalings in die aandeelpryse van maatskappye soos Sanlam (-9.6% maand op maand), Capitec (-5.6% maand op maand), FirstRand (-2.9%) en Standard Bank (-2.8%).

Die beste vertoners vir Augustus is heeltemal verskillend teenoor die van Julie, toe hulpbronaandele besonder goed gevaar het, en verskillende maatskappye in uiteenlopende sektore het goeie stygings aangeteken. Die aankondiging dat die verbod op die verkope van alkohol en sigarette opgehef word het maatskappye soos Distell en British American Tobacco gesteun en die oopstel van ontspanningsreise oor provinsiale grense het die aandele van onder meer Sun International, City Lodge en Tsogo Sun gesteun. Die langer handelstye en ook toestemming om alkohol te verkoop vir restaurante het ook 'n bydrae gelewer.

Die beleggingshouermaatskappy Invicta (+49.4% maand op maand) het in Augustus die beste gevaar. Die maatskappy se aandeelprys het in Julie met 48.7% gespring nadat aangekondig is dat 'n ooreenkoms met CNH International bereik is om vier van die maatskappye in sy Capital Equipment Groep te verkoop. Massmart, wat in Julie skerp gedaal het (-14.8% maand op maand), het in Augustus somer baie beter gevaar en die prys van die aandeel het die maand 39.4% hoër afgesluit, die tweede beste vertoner vir die maand. Textainer Group (+33.9% maand op maand), was in die derde plek danksy die bekendmaking van gesonde resultate.

Fortress REIT -B- was bo-aan die lys van die swakste vertoners en die maatskappy se aandeelprys het met maand op maand met 24% gedaal. Redefine (-22.3% maand op maand) was in die tweede plek, gevolg deur Telkom met 'n daling van 21.6% maand op maand.

Teen 31 Augustus is minder as 2 000 nuwe COVID-19 gevalle in 'n 24-uur siklus aangemeld. Volgens syfers van die Departement van Gesondheid is 1 985 gevalle geïdentifiseer en dit is ook bevestig dat daar tot datum nou 'n totaal van 627 041 gevalle in SA is. Die plaaslike herstelkoers staan tans op 86% teenoor die 66% herstelkoers wat aan die einde van Julie bekend gemaak is.

INFLASIE HOËR, VOERTUIGVERKOPE BLY ONDER DRUK

SA se jaarlikse verbruikersprysinflasie-koers het in Julie tot 3.2% gestyg, terug in die Reserwebank se teikenkoers van tussen 3% en 6%. Dit is hoër as die 2.2% jaar op jaar koers van Junie en die 2.1% jaar op jaar wat vir Mei bekend gemaak is en grootliks te danke aan die verdere opheffing van inperkingsmaatreels. Maand op maand het die VPI met 1.3% gestyg, die grootste styging sedert Februarie 2016, aangedryf deur hoër brandstofpryse en stygings van munisipale tariewe. SA het in Julie 'n handelsoorskot aangeteken omdat invoer steeds swak is maar uitvoer beter is weens stygings in internasionale vraag. Die rand was net-net sterker teenoor Julie en het die maand op +0.8% afgesluit. Jaar tot datum is die rand steeds 21% laer teenoor die VSA dollar.

Syfers vir voertuigverkope het in August effens beter gelyk. Die totaal van 33 515 was meer as wat in Julie verkoop is, maar vergeleke met Augustus 2019 lyk die syfer taamlik droewig en die totaal was 26.3% laer as die 42 960 wat in die ooreenstemmende maand verlede jaar verkoop is.

Vir die jaar tot datum is die gaping besonder groot. Totale verkope vir die eerste agt maande van 2020 – 'n totaal van 228 190 – is 34.6% minder as die 349 150 voertuie wat in dieselfde tydperk verlede jaar verkoop is. Die Nasionale Vereniging van Voertuigvervaardigers (Naamsa) het met die aankondiging van die syfers onder meer uitgewys dat verkope aan die verhuringsmark so te sê tot stilstand gekom het omdat vraag van plaaslike reisigers skerp gedaal het en daar min verwagting is dat internasionale reisigers binnekort toegelaat sal word. Slegs agt voertuie is in Augustus aan die verhuringsmark verkoop, wat 0.4% van die mark vir nuwe voertuie vir Augustus 2020 verteenwoordig, vergeleke met die aandeel van 18% wat vir die Augustus 2019 syfers bekend gemaak is.

Die indeks wat sentiment in die vervaardigingsektor meet het in Augustus 'n hoogtepunt vir die afgelope 13 jaar bereik danksy beter plaaslike vraag en ook uitvoere, ná die verslapping van inperkingsmaatreels. Aldus die verslag van die ABSA aankopersindeks (PMI) wat in samewerking met die Buro vir Ekonomiese Navorsing saamgestel word, het die PMI in Augustus tot 57.3 gesprong teenoor die syfer van 51.2 van Julie. Die gemiddelde verwagting van 'n paneel van ekonome wat deur Bloomberg genader is was vir 'n syfer van 50.9.

Die lesing is die hoogste sedert Maart 2007 en is die eerste keer sedert 2016 dat die indeks vir vier agtereenvolgende maande hoër as die 50-kerf is, wat beter toestande bevestig. Die verslag het wel daarop gewys dat die syfer waarskynlik buitengewoon positief voorkom en dat die stygings grootliks daaraan te danke is dat sake beter verloop nadat vervaardiging in April wyd gestaak is en nie noodwendig beteken dat vervaardiging terug is op die vlakke voor inperkings aangekondig is nie.

Bronne: Business Day; Anchor Capital; Wall Street Journal; JP Morgan

SLIM WENK

As jy enige hulp met buitelandse valuta nodig het, tree gerus in verbindig met ons valuta-kenner, Yolande Butchart. Kontak haar op YButchart@brentwealth.mu.

NEEM KENNIS

SARS het 'n paar veranderinge rakende die 2020 belastingseisoen aangekondig. Om jou belasting sake in orde te hou lees hierdie [SARS aankondiging](#) vir meer besonderhede.

MAAK SEKER DAT 'N BELEGGINGSTRATEGIE EN FINANSIËLE AANGEPAS WORD AS OMSTANDIGHEDE VERANDER

JOHANNESBURG	+27 (0) 11 799 8100	PRETORIA	+27 (0) 12 347 8240	CLAREMONT	+27 (0) 21 418 1236	STELLENBOSCH	+27 (0) 21 882 8706
SANDTON	+27 (0) 10 035 1391	CAPE TOWN	+27 (0) 21 418 1236	BELLVILLE	+27 (0) 21 914 9646	MAURITIUS	00 230 5843 5215